



The Office Of The Principal and Vice - Chancellor

PROF MANDLA MAKHANYA, REKTOR EN VISEKANSELIER
UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA
VERWELKOMING: OOPLEERKONFERENSIE 2018
UNISA, MUCKLENEUK-KAMPUS
5 – 7 SEPTEMBER 2018

- Medevoorsitters van hierdie openingsessie
 - Professor Mpine Makoe, Direkteur van Unisa se Instituut vir Oop Afstand en E-leer (IOAL) en President van DEASA
 - Professor Daniella Coetzee, President van NADEOSA en Rektor van die Suid-kampus van die Universiteit van die Vrystaat
- Sy Edele Adjunkminister Buti Manamela, Adjunkminister van Hoër Onderwys en Opleiding, Suid-Afrika
- Professor Asha Kanwar, HUB van die Statebond van Leer (CoL)

- Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria: Professor Sehoole
- Ons hoofspreker, Professor Michael Moore
- Unisa Uitvoerende en Uitgebreide Bestuur
- Hooggeagte kollegas van ons medegasheerassosiasies en instellings: NADEOSA, DEASA en die Universiteit van Pretoria
- Susterinstellings in Suid- en Suider-Afrika
- Vriende en kollegas van oor die kontinent en verder weg
- Unisa-
personeel
- En die belangrikste – ons studente van waar julle ook al gekom het om by ons aan te sluit

'n Baie hartlike welkom aan julle almal. Ek is verheug om hierdie fantastiese verteenwoordiging van ons kontinent se OAeL-instellings, institute, departemente en skole by hierdie grondverskuiwende gesamentlike konferensie te sien, wat koöperatief georganiseer is deur die **Nasionale Vereniging van Afstandsonderrig en oop leer in Suid-Afrika** (NADEOSA), die Afstandsonderrigvereniging van Suider-Afrika (DEASA), die Universiteit van Pretoria – ons naaste bure – en natuurlik die Universiteit van Suid-Afrika. Kollegas, ons is baie opgewonde om hierdie geleentheid aan te bied.

'n Kykie na die program dui aan dat daar verteenwoordigers van die volgende instellings is (in geen volgorde van voorkeur of rang nie):

- Die Universiteit van Lusaka, Zambië, die Instituut vir Virtuele en Afstandsonderrig – DMI by St Eugene Universiteit, Zambië, die Mufulira Onderwyskollege wat by die Universiteit van Zambië geaffilieer is, TEVETA Zambië, Nkwame Nkrumah Universiteit, Kabwe, Zambië – *mwauka bwanji*
- Zimbabwe Oop Universiteit, die Midlands State Universiteit in Zimbabwe, Chinhoyi Universiteit van Tegnologie in Zimbabwe, Seke Onderwyserskollege, Zimbabwe – *mangwanani akanaka*
- Universiteit van Pretoria – *goeiemôre*
- Katolieke Universiteit van Mosambiek, en die Instituto Superior de Ciências e Educação a Distância, Moçambique – *bom dia*
- die Universiteit van Suid-Afrika
- die Universiteit van Namibië, die Namibië Kollege van Oop Leer (NAMCOL) en die Namibië Universiteit van Wetenskap en Tegnologie
- *guten tag/wa lalapo*
- Botswana Oop Universiteit – *dumelang*
- Die Universiteit van Swaziland, insluitend die Instituut vir Afstandsonderrig
- *kusile sihlobo sami*
- die Nasionale Universiteit van Lesotho en die Instituut vir Buitemuurse

Studie (IEMS) aan die Nasionale Universiteit van Lesotho –
lumelang

- die Lesotho Onderwyskollege
- die Nasionale Oop Universiteit van Nigerië (NOUN), die Ignatius Ajuru Universiteit van Onderwys, Port Harcourt, en die Departement van Volwasseneonderwys, Universiteit van Ibadan, Federale Universiteit, Oye-Ekiti – *good morning/ekaaro/ekuojomo/ina kwana/ibolachi*
- die Universiteit van die Vrystaat – *khotsong/goeiemôre/dumelang*
- die Afrika Raad vir Afstandsonderrig, verteenwoordig deur
 - Prof Abdelraouf A Elbadawi – Visekanselier van die Oop Universiteit van Soedan en President van die ACDE – *sabah al khair*
 - Prof Elifas Bisanda – Visekanselier van die Oop Universiteit van Tanzanië – *jambo*
 - Dr Daniel Tau – Visekanselier van die Botswana Oop Universiteit
 - Prof Father Alberto Ferreira – Visekanselier van die Katolieke Universiteit, Mosambiek
- Die IQ Academy – *good morning*
- Die Universiteit van Kabianga, Kenia – *habari za asubuhi*
- Unisa-Ethiopië-sentrum – *inidemini deriki*
- SAIDE
- die Universiteit van Malawi (die Politegniese) Skool van Joernalistiek en Mediastudie – *tazukca bwino*

- Regenesys-sakeskool

Goeiedag aan u almal.

Ek dink u sal met my saamstem, dames en here, dat ons onself oortref het! As ons ooit bewyse verlang het van die toenemende belangrikheid van OAeL in ons streek en op ons kontinent, is dit net hier, op hierdie oomblik, en ek is verheug daaroor.

Oop leer is 'n groeiende tendens, maar dit word verskillend vertolk deur OAeL-praktisyns, sowel openbaar as privaat, na gelang van hul onderskeie kontekste en behoeftes. Daar word egter oor die algemeen erken en aanvaar dat oop leer die buigsamer voorsiening en groter gebruik van oop onderrig-en-leer-hulpbronne, soos oop handboeke en ander oop onderwys-hulpbronne in die voorsiening van OAeL, bevorder.

Dit is egter kommerwekkend dat daar steeds onder OAeL-praktisyns verwarring en openlike meningsverskil oor OAeL en sy verwantskap met oop leer, en ooponderwys-hulpbronne (OOH'e) in die besonder, bestaan. Dit is tot niemand se voordeel nie, en wanneer 'n mens die verskaffers wat op winsbejag uit is by die mengsel voeg, word die beeld selfs wasiger. Dit is byvoorbeeld steeds vir my 'n raaisel hoe massiewe oop aanlyn kursusse, of MOAK'e (Engels MOOCs), wat 'n werktuig vir groter buigsamheid en groter kostedoeltreffende voorsiening van

OAeL aan groter getalle studente is, ooit aan OAeL as sodanig gelykgestel kan word. Miskien moet ek nie hierdie onderwerp verder ontgin nie, aangesien dit gemaklik deur die sprekers by hierdie konferensie gehanteer kan word. Ek hoop dus opreg dat hierdie konferensie tot 'n meer genuanseerde waardering van oop leer en die toepassing daarvan op ons onderskeie OAeL-kontekste kan bydra.

In Suider-Afrika het afstandsonderrig beduidend oor die afgelope dekade toegeneem, met baie konvensionele aangesig-tot-aangesig-instellings wat afstandsonderrig en variante van gemengde leer bekendgestel het. Die uitdaging is dat die meeste akademici in ons instellings 'n beperkte begrip van hierdie modusse van verskaffing het, wat institusionele onenigheid oor die variant van OAeL wat geïmplementeer word, tot gevolg het; soms is daar 'n onkritiese aanvaarding of inwerkingstelling van nuwerwetse tegnologieë wat op niks uitloop nie; 'n gebrek aan waardering vir die OAeL-beleidkontekste wêreldwyd en nasionaal; 'n ietwat beperkte waardering vir en visie van die werklike meriete en potensiaal van OAeL en oop leer; en op die lange duur – en krities – die gekompromitteerde gehalte van onderrig en leer. Dit moet reggestel word as ons as 'n streek en as 'n kontinent wil floreer.

Die Afstandsonderrigvereniging van Suider-Afrika (DEASA) en die

Nasionale Vereniging van Afstandsonderrig en Oop Leer in Suid-Afrika (NADEOSA) is streeks- en Suid-Afrikaanse liggame wat gehaltebevordering van afstand- en e-leer in onderskeidelik die streek en in Suid-Afrika ondersteun. Daar word baie goeie, stewige werk oor gehalteversekering in die SAOG-streek gedoen. Eweneens, net in die afgelope twee dae het ons kollegas in die ACDE die vordering wat hulle maak ten opsigte van gehalte-inisiatiewe wat deur hul lede gedryf word, met ons gedeel. Dit is uiters opwindend en baie bemoedigend om vordering te sien in wat bes moontlik die struikelblok tot akkreditasie van OAeL-kwalifikasies in dele van ons kontinent – en inderwaarheid die wêreld – is. Ek praat hier uiteraard van gehalte. Kollegas, al hierdie verenigings ondersteun beleidsontwikkeling, die ontwikkeling van gehalteriglyne en die skepping van geleenthede vir deel en samewerking in die ledenetwerke. Dit is iets waaraan ons op 'n baie berekende manier bou en iets wat ons almal werklik wil bevorder.

DEASA en NADEOSA hou elke jaar hul jaarlikse konferensies, wat normaalweg gebaseer is op 'n noukeurig gekose tema wat met afstand- of e-leervoorsiening verband hou. Ons het egter vanjaar besluit om dinge effens anders te doen in die gees van samewerking en die wedersydse hefboomwerking van ons gesamentlike vermoëns. En hier vergader ons nou om die volgende tema te verken: *Die*

verkenning van oop leer: teorie, beleid en praktyk in verskillende verskaffingsmodusse. Na my wete is dit baanbrekerswerk, en dit bied 'n ongeëwenaarde geleentheid vir OAeL-praktisyns om saam te kom en hul kennis, begrip en ervarings van oop leer met mekaar te deel deur middel van aanbiedings, maar ook deur middel van netwerkvorming, die smee van nuwe vriendskappe en hernuwing van ou vriendskappe.

Kollegas, wat ek so opwindend van hierdie konferensie vind, is dat ons blootgestel gaan wees aan 'n verskeidenheid streeks- en dissiplinegebaseerde perspektiewe – wat almal 'n spesifieke Afrika-fokus het. Dit is nog 'n eerste, so geluk aan ons almal! Referate sal gelewer word oor die volgende subtemas, wat vraagstukke uitbeeld wat in die kollig staan, sowel in Suid-Afrika as in die Suider-Afrikaanse streeks, wat die uitbreiding van afstand- en e-leer betref:

- Verkenning van oop leer vir hoër onderwys en onderwyserontwikkeling
- Verkenning van oop leer vir TBOO, volwasseneonderwys, -opleiding en -onderrig
- Verkenning van oop leer vir inklusiewe toegang en sukses
- Verkenning van OOH'e, MOAK'e en die gebruik van tegnologieë in onderwys
- Verkenning van oop vakgeleerdheid van onderrig en leer

Ek is ontsettend opgewonde oor die kennis wat gedeel sal word en die geleentheid wat hulle sal voordoën oor die volgende paar dae. In daardie konteks, vir daardie kollegas wat dalk nog nie heeltemal bewus is van presies wat hierdie mega-Universiteit van Suid-Afrika behels nie, wil ek u kortliks inlig dat Unisa die grootste, gehalteversekerde en geakkrediteerde universiteit op die kontinent en ongetwyfeld een van die grootste ter wêreld is. Ons is die enigste toegewyde afstandsonderrig-universiteit in Suid-Afrika, en terwyl u dalk sien en hoor dat Unisa hom beskryf as 'n oopafstand- en e-leeruniversiteit, beteken dit bloot dat, soos enige innoverende en vooruitstrewende instelling van hoër onderwys, ons op die hoogte bly en verseker dat ons sake- en onderrigmodelle ten volle gebruik maak van dit wat die tegnologie bied, sodat ons studente die voordele daarvan kan pluk om toepaslik toegeruste 21ste-eeuse graduandi te wees. Unisa is 'n kernpilaar van Suid-Afrika se hoëronderrigsektor en word deur die staat gesubsidieer en geakkrediteer, presies net soos (ook ten opsigte van gehalte) ons voltydse openbare universiteite. Ons lewer meer as een derde van Suid-Afrika se graduandi op en ons dra op groot skaal by tot die getalle graduandi van 'n aantal lande op die kontinent en, in mindere mate, in die buiteland. Dit is wat ons so uniek maak. Ons is 'n welbekende Afrika-handelsmerk.

Deur hierdie konferensie aan te bied, wil Unisa 'n konkrete

demonstrasie lewer van ons bereidwilligheid om met ons portuurs en vriende op die kontinent saam te werk en kennis te deel, om drie redes:

Eerstens, die

wêreldwye hoëronderwyssektor is ongetwyfeld gefragmenteerd en gee aanleiding tot uiteenlopende sienings oor die aard en waarde van die rol van 'n universiteit en van onderwys self. Tweedens is dit duidelik dat nasionalistiese sentiment toenemend in ontwikkelende state na vore kom namate veral jongmense hul rug draai op dit wat as identiteits- en kulturele inbreukmaking beskou word, en wat toenemend indruis teen 'n kollektiewe sin vir "self", aangesien dit, na hul mening, van weinig waarde vir hulself of hul gemeenskappe en lande is. Derdens is dit 'n feit dat, in die wêreldwye hersiening van hoër onderwys wat tans plaasvind, die fokus noodsaaklikerwys na binne gekeer het. Groeiende nasionalisme, afnemende sosio-ekonomiese toestande en onbestendige politiek maak dit toenemend duidelik dat ouer, meer tradisionele sienings en samewerking nie seker of relevant is nie en dat, in die lig hiervan, die tyd dalk aangebreek het om nuwe verhoudings te smee en samewerking te bewerkstellig met bure en vriende, wie se onderwysstrategieë en -strewes nader aan ons eie is.

Dit is binne hierdie konteks, en ons eie institusionele strategie 2013, wat reeds met ons Grondwet in ooreenstemming gebring is, die Nasionale Ontwikkelingsplan, die SAOG-protokol, die

volhoubare ontwikkeling-doelstellings (VOD's) en AU-onderwysopdragte, dat Unisa voel die tyd is ryp om julle almal te nooi om te oorweeg om met Unisa saam te werk om oor ons onderskeie onderwysbehoefte te leer, en te sien wat ons met betrekking tot ondersteuning en ontwikkelingsbystand aan mekaar kan bied. Unisa is daartoe verbind om *die Afrika-universiteit te wees wat mense se toekoms in die diens van die mensdom vorm*, en dit is in hierdie gees wat ons ons deure, ons arms en ons harte vir julle oopmaak. Ons sien uit daarna om vrugbare samewerking en langdurige verhoudings te vestig, met die einddoel om hoër onderwys van gehalte in openbare belang te bevorder, en in gedagte te hou dat die toekoms nie aan ons behoort nie. Dit behoort aan diegene wat ons op hierdie oomblik onderrig en vorm.

Kollegas, dames en here, die OAeL-gemeenskap is baie spesiaal. Dit is 'n sorgsame gemeenskap wat die belangrikheid van onderwys op die mees fundamentele vlak verstaan, asook die gepaardgaande behoefte om groter toegang en inklusiwiteit vir al Afrika se studente te verseker – veral diegene wie se geleenthede deur persoonlike omstandighede beperk word. Dit is dus uiters belangrik dat ons alle middele tot ons beskikking inspan om daardie agenda te bevorder. Hierdie konferensie is 'n baie belangrike en berekende stap op daardie reis na verligting.

Al wat nou vir my oorbly, is om u weer eens welkom te heet, die wens uit te spreek dat u die konferensie waardevol sal vind en om hierdie konferensie oop te verklaar.

Baie dankie.